Afrikaans

Graad 5: Eerste Addisionele Taal: Kwartaal 3

Naam: _____ Tyd: 40 Minute

Klas: _____ Totaal: _____ / 40

Instruksies

1. Lees al die vrae deeglik deur
2. Beantwoord al die vrae op die vraestel
3. Daar is vier afdelings: Afdeling A: Leesbegrip: 15
   Afdeling B: Visueleteks: 10
   Afdeling C: Opsomming: 5
   Afdeling D: Taalstrukture: 10
4. Geniet dit!

Afdeling A: Leesbegrip [15]

Lees die inligtingsteks oor heuningbye en beantwoord die vrae.

Heuningbye is vlieënde insekte en is aan perdebye en miere verwant. Hulle het 'n kleiner en skraler lyf as hommelbye.



Fassinerende Feite

Heuningbye sterf nadat hulle iets of iemand gesteek het. Hul angel is soos 'n doring en steek in die vel van 'n mens of dier wat hulle gesteek het.

Om inligting oor verskillende blomme en kos aan ander bye weer te gee, gebruik hulle 'n spesiale soort "dans".

Heuningbye maak heuning wat diere en mense eet.

besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

Waar Bly Bye?

Heuningbye kan in oerwoude, bosveld, woude en tuine in baie dele van die wêreld behalwe Antarktika, waar dit te koud is om te oorleef, gevind word. Hulle maak hul eie huise, wat 'n korf genoem word, waar hulle woon. Dit kan in plekke soos die holte van 'n boom gevind word. Elke korf kan tot 80 000 bye bevat!

Wat Eet Bye?

Heuningbye eet stuifmeel en nektar van blomme. Stuifmeel is 'n fyn poeier wat deur plante vervaardig word en deur ander plante gebruik word om sade te maak. Stuifmeel help die heuningby om te groei. Nektar is 'n suikeragtige vloeistof wat die heuningby energie gee.

Hul Veiligheid

Heuningbye gebruik hul angel om hulself te beskerm, hoewel hulle hoofsaaklik rustige insekte is en slegs aanval as hulle bedreig voel. Hulle het 'n aantal vyande insluitende voëls, klein soogdiere, reptiele en ander insekte. Groter soogdiere soos bere vernietig die korf, sodat hulle die heuning binne kan eet.

1. Heuningbye is aan miere en perdebye verwant. (1)

Waar	/	Onwaar

2. Heuningbye het a spesiale taal wat hulle praat om te kominikeer. (1)

Waar	/	Onwaar

besoek twinkl.co.za
LIVEWORKSHEETS

3. Heuningbye eet _____ (1)
   a. pap en vleis
   b. suiker en lekkers
   c. stuifmeel en nektar
   d. nektar en suiker

4. Heuningbye het 'n _____ om hul te beskerm (1)
   a. engel
   b. angel
   c. steek
   d. doring

5. Waar kom bye nie voor nie? (1)

_____

6. Hoe gee bye inligting aan ander bye oor? (1)

_____

7. Skryf drie feite oor stuifmeel. (3)

_____

_____

_____

8. Wat noem mens 'n by se huis? Hoeveel bye kan in een voorkom? (2)

_____

_____

9. Hoekom eet bye nektar? (1)

_____

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS

10. Wat is die verskil tussen heuningbye en hommelbye? (1)

_____

11. Noem twee van die heuningbye se vyande? (2)

_____

_____

Totaal: / 15

besoek twinkl.co.za

LIVEWORKSHEETS